

SWARTLAND MUNICIPALITY

NOTICE 80/2023/2024

PROPOSED REZONING, SUBDIVISION, PHASING AND CONSENT USE ON ERF 878, RIEBEEK KASTEEL

Applicant:	InterActive Town & Regional Planning, P O Box 980, Hermanus, 7200. Tel nr 028-3121668
Owner:	Hugeumont Trust, Trichardstraat 31, Welgemoed, Bellville, 7530. Tel nr. 0836297053
Reference number:	15/3/3-11/Erf_878 / 15/3/6-11/Erf_878 15/3/10-11/Erf_878
Property Description:	Erf 878, Riebeek Kasteel
Physical Address:	Situated in Kerk Street, Riebeek Kasteel

Detailed description of proposal:

The application for rezoning of Erf 878, Riebeek Kasteel in terms of section 25(2)(a) of Swartland Municipality : Municipal Land Use Planning By-Law (PK 8226 of 25 March 2020) has been received. It is proposed that Erf 878 (11,0977ha in extent) be rezoned from Agricultural Zone 1 to Subdivisional area in order to provide for the following land uses, namely:

- 60 Residential Zone 1 erven (single residential)
- 62 General Residential Zone 2 erven (town housing)
- 1 General Residential Zone 3 erf (flats)
- 1 Community Zone 3 erf (institution)
- 2 Business Zone 1 erven (general business and service station)
- 7 Open Space Zone 1 erven (private open space)
- 4 Transport Zone 2 erven (roads).

An application for the subdivision of Erf 878, in terms of section 25(2)(d) of Swartland Municipality : Municipal Land Use Planning By-Law (PK 8226 of 25

March 2020) has been received. It is proposed that Erf 878 (11,0977ha in extent) be subdivided as follows:

- 60 Residential Zone 1 erven (single residential)
- 62 General Residential Zone 2 erven (town housing)
- 1 General Residential Zone 3 erf (flats)
- 1 Community Zone 3 erf (institution)
- 2 Business Zone 1 erven (general business and service station)
- 7 Open Space Zone 1 erven (private open space)
- 4 Transport Zone 2 erven (roads).

The application for a consent use for a service station (Business Zone 1) on Erf 878, Riebeek Kasteel in terms of section 25(2)(o) of Swartland Municipality : Municipal Land Use Planning By-law (PK 8226 of 25 March 2020) has been received.

The application for phasing of the subdivision of Erf 878, Riebeek Kasteel in terms of section 25(2)(d) of Swartland Municipality : Municipal Land Use Planning By-law (PG 8226 of 25 March 2020) has been received. It is proposed that Erf 878 be subdivided into 5 phases.

Notice is hereby given in terms of section 55(1) of the By-law on Municipal Land Use Planning that the abovementioned application has been received and is available for inspection from Monday to Thursday between 08:00-13:00 and 13:45 - 17:00 and Friday 08:00-13:00 and 13:45 - 15:45 at the Department Development Services, office of the Senior Manager : Development Management, Municipal Office, Church Street, Malmesbury. **Any written comments whether an objection or support may be addressed in terms of section 60 of the said legislation to The Municipal Manager, Private Bag X52, Malmesbury, 7299/Fax – 022-487 9440/e-mail – swartlandmun@swartland.org.za on or before 10 June 2024 at 17:00, quoting your name, address or contact details as well as the preferred method of communication, interest in the application and reasons for comments.** Telephonic enquiries can be made to the town planning division (Alwyn Burger, Herman Olivier or Annelie de Jager) at 022-487 9400. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a municipal official by transcribing their comments.

Munisipale Kantoor
Kerkstraat 1
MALMESBURY
7300

10 May 2024

J J SCHOLTZ
Munisipale Bestuurder

SWARTLAND MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING 80/2023/2024

**VOORGESTELDE HERSONERING, ONDERVERDELING, FASERING EN
VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 878, RIEBEEK KASTEEL**

Aansoeker:	InterActive Town & Regional Planning, Posbus 980, Hermanus, 7200. Tel no. 028-3121668
Eienaar:	Huguemont Trust, Trichardtstraat 31, Welgemoed, Bellville, 7530. Tel no. 0836297053
Verwysingsnommer:	15/3/3-11/Erf_878 15/3/6-11/Erf_878 15/3/10-11/Erf_878
Eiendomsbeskrywing:	Erf 878, Riebeek Kasteel
Fisiese Adres:	Geleë te Kerkstraat, Riebeek Kasteel

Volledige beskrywing van aansoek:

Die aansoek om die hersonering van erf 878, Riebeek Kasteel, ingevolge artikel 25(2)(a) van Swartland Munisipaliteit : Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), is ontvang. Die voorstel is dat erf 878 (groot 11,0977ha) hersoneer word van Landbousone 1 na Onderverdelingsgebied ten einde voorsiening te maak vir die volgende grondgebruike, naamlik:

- 60 Residensiële sone 1 erwe (enkel residensieël)
- 62 Algemene residensiële sone 2 erwe (dorpsbehuising)
- 1 Algemene residensiële sone 3 erf (woonstelle)
- 1 Gemeenskapsone 3 erf (inrigting)
- 2 Sakesone 1 erwe (algemene sake en diensstasie)
- 7 Oopruimte sone 1 erwe (privaat oopruimte)
- 4 Vervoersone 2 erwe (paaie)

Die aansoek om die onderverdeling van erf 878, Riebeek Kasteel , ingevolge artikel 25(2)(d) van Swartland Munisipaliteit : Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), is ontvang. Die voorstel is dat erf 878 (groot 11,0977ha) onderverdeel word soos volg:

- 60 Residensiële sone 1 erwe (enkel residensiël)
- 62 Algemene residensiële sone 2 erwe (dorpsbehuising)
- 1 Algemene residensiële sone 3 erf (woonstelle)
- 1 Gemeenskapsone 3 erf (inrigting)
- 2 Sakesone 1 erwe (algemene sake en diensstasie)
- 7 Oopruimte sone 1 erwe (privaat oopruimte)
- 4 Vervoersone 2 erwe (paaie)

Die aansoek om 'n vergunningsgebruik vir 'n diensstasie (Sakesone 1) op erf 878, Riebeek Kasteel, ingevolge artikel 25(2)(o) van Swartland Munisipaliteit : Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), is ontvang.

Die aansoek om die fasering van die onderverdeling van erf 878, Riebeek Kasteel , ingevolge artikel 25(2)(d) van Swartland Munisipaliteit : Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), is ontvang. Die voorstel is dat erf 878 in 5 fases onderverdeel word.

Kennis word hiermee gegee ingevolge artikel 55(1) van Swartland Munisipaliteit : Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning dat bogenoemde aansoek ontvang is en beskikbaar is vir inspeksie vanaf Maandag tot Donderdag tussen 08:00-13:00 en 13:45 - 17:00 en Vrydag 08:00-13:00 en 13:45 - 15:45 by Department Ontwikkelingsdienste, kantoor van die Senior Bestuurder : Bou-Omgewing, Munisipale Kantoor, Kerkstraat, Malmesbury. Enige skriftelike kommentaar hetsy 'n beswaar of ondersteuning kan ingevolge artikel 60 van genoemde wetgewing aan Die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299/Faks – 022-487 9440/e-pos – swartlandmun@swartland.org.za gestuur word voor of op **10 Junie 2024 om 17:00.** Die kommentaar moet asseblief u naam, adres en

kontakbesonderhede asook die voorkeurwyse waarop daar met u gekommunikeer moet word aandui, sowel as u belang by die aansoek asook redes vir u kommentaar. Telefoniese navrae kan gerig word aan die stadsbeplanningsafdeling (Alwyn Burger of Herman Olivier) by 022-487 9400. Die Munisipaliteit mag kommentaar wat na die sluitingsdatum ontvang word weier. Persone wat nie kan skryf nie sal deur 'n munisipale amptenaar bygestaan word om hulle kommentaar op skrif te stel.

J J SCHOLTZ
Munisipale Bestuurder

Munisipale Kantoor
Kerkstraat 1
MALMESBURY
7300

10 Mei 2024